

## Nomades Voetslaanklub. Roete-terugvoer.

### Goldengate Hoogsland nasionale park - Wilgenhof groepskamp

Tussen Harrismith,  
Kestell en Clarens, op  
die R712. Oos-Vrystaat.  
Malotiberge  
Vrydag 25 Maart tot  
Maandag 28 Maart 2016.  
S28°29 52.1 E28 35°  
06.7



Andries Roesch, Wilna du Plooy; Leonore vd Merwe, Wilma Kuhn, Mariette Naude, Carol Broberg; Christo Vlok,

Wilna Moolman; Paul Snyman, Christi Blignaut, Jan & Corrie du Preez; Elize & Francois van As; Elsabe During, Erna Lubbinge, Magda Grobler; Nico & Jennifer Roets; Piet & Ilizette van Immerzeel; Jurie van Staden; Leon van Zyl; Marietjie, Marli, Liam, Lindi Mitchell, Aiden Kraft; Jannes van Ryssen, Ron Nothard en Marius Stander kom saam. Twee persone (Christa van Staden en Stephane) moes ongelukkig kansleer. Ons was dus 31 mense teenwoordig. Ouderdoms Verskil tussen die jongste en oudste wat beide die lang stap voltooi het was net onder die 70 jaar.



Vrydagmiddag so vanaf 12:00 arriveer die stappers. 'n Paar het sommer sommer al die vorige dag gekom en in die Basotho Village (L,W,M,C) of hier by Wilgenhof (A,W) gebly. Die wat 15:00 by die kamp was het saam met my die **Holkrans dagstap** gaan stap. Dit begin net agter die Hotel by die parkerings. Enkele persone P,E,M kies om sommer by die hotel vas te haak en eerder hul fasiliteite te benut terwyl ons gaan stap. Die stappie begin plat op die vlakte onder die kranse op 'n paadjie wat duidelik vir hotelgaste uitgelê is. Sement stene onder die voete vir 'n groot gedeelte van die stap. Dan kom ons by die Groot oorhanggrot. Masief. Bietjie asem geskep en party klim op in een van dieper 'holtes'. Dan op met 'n Laaaang hout-trap-leer op voor die oorhang en verder aan. Ons kry nog twee kleiner oorhang-hol-grotjies. Netjiese trappies en kables/ketting maak dit veilig om oral te op en verby. Die laaste entjie om die koppie en af. Tot by die chalets en dan tot by die motors om die sowat 6km terug te ry na ons kamp. F&E, J&C, P&C ontmoet ons by die kamp. Wilna, Christo en Leon gaan stap/ondersoek 'n deel van 'n nuwe roete wat Albert besig om uit te lê en te bou vir SANparke.



Almal ondersoek ons akkomodaie nou mooi. Twee groot geboue met elkeen 2 groot sale wat elk 20 persone op enkel beddens kan slaap. Baie mooi muurskilderye ook wat die omgewing en dierelewe uitbeeld. Opgedeel in 'hokkies' van 4 beddens, met kaste vir almal. Elke saal, het sy eie groot ablusie geriewe. Die twee geboue word gewoonlik vir die 'seuns en meisies' in die skole groepe gebruik, en ons deel dit ook hoofsaaklik so in, grotendeels agv die ablusie geriewe. Elke saal het ook 2 'juffrou' kamertjies soos een van die dames dit genoem het. Die 'seuns' saal het 2 'menere' kamers. Elke onderwyser kamers slaap 2 persone. Dan is daar die Groot saal wat ons hoofsaaklik as 'n deurloop gebruik het na die industriële kombuis met sy groot gasstoof en inloop yskas en kisvrieskas. Self 'n spesiale kamer met rakke vir al ons kratte en houers. Oorgenoeg plek vir die sowat 90 persone wat dus hier kan slaap. By die saal is dan ook 'n 2 bed kamer vir die 'busdrywers'. Al die kleiner kamers het dan ook en-suite ablusie en stort geriewe. Ons benut die kleiner kamers ook.



Saterdag oggend stiptelik om 8:00 neem ons die groepsfoto. Kyk maar wie ingelas is en maak jou afleidings.

Ons maak motors vol en ry weer die sowat 6km na die **Glen Reenen kamp** waar ons by die SANparke ontvangs en winkeltjie parkeer. Hier is ook brandstof beskikbaar. Hier is kampplekke en ook chalets beskikbaar asook akkomodasie. Dit is in werklikheid op die R712 wat regdeur die park loop.



Kamaste aan, waterbottels gevul en laaste sonroompies aangesmeer. Ons is op pad. Oor die pad, deur die kampterein en oor die bruggie. By die eerste padpredikant neem ons die

'**Mushroom Rock**' paadjie. Ons loop die '**Wodehouse Piek roete**, maar andersom as voorgestel.

Na 'n paar kinkels en op en af is ons onder die sampioenrotse. Masiewe rotsformasie daar doer bo ons. Kleurskakeurings van rooi en wit sandsteenrotse. Indrukwekkend. Verder aan met die uiters goed gedefinieerde paadjie. Amper te netjies en beskaaf. Dan by die Y, die kortpad terug na die teerpad en kamp is regs, maar ons is nie bang nie en gaan OP, links. Almal hyg die stylte op in sy eie pas. Van die jong manne 17 en 24, hol die bultjies op. Onder kranse op en oor klippe. Dan die groot uitloper met sy vergesigte. Ons gaan nog steeds OP. Aan die bokant bietjie sigsag. Mens kan sien die roete is hier heelwat reggemaak en verlê om erosie te voorkom. Ons is nou al Baie hoër as die Brandwag wat vroer so groot en hoog gelyk het. Dan is ons min of meer bo. By die radio toring op ongeveer 2405meter. Ons het op sowat 1900m bo seevlak begin. Hier lekker lank gerus en middagete geniet en asem geskep. Party gaan aan en ander wag vir ander. Ten laaste is Almal bo wat begin het. Nog 'n klein koppie op na Wodehousepiek op 2435m en dan 'n SALIGE stukkie plato. Hier sien ook groot vingerpolle. Jy kyk min of meer beide kante van die rif af, links op die kampterein, hotel en die Brandwagpiek wat baie klein lyk van hier af. Regs golwende grasvlakte met zebbras, swartwildebeeste en bontebokke. Dan gelydelik Af en Af, verby die 'fluit-paal' as wind dardeer waai. Die 500m+ wat ons gestyg het moet ons weer daal. Verby die kruispunt in die paadjie waar die



huidige Ribbok oornagroete regs gaan. Ons gaan links terug in die rigting van die Brandwagpiek. Gelydelik af teen die skuis grashellings met sy baie klein veldblommetjies en vele ander veld-plante. Net voor die Brandwagpiek, draai ons regs, oor die damwal en bruggie tot op die teerpad, waarop ons sowat 1km terugstap na die Glen Reenen kamp waar die motors staan. Ongeveer 14:00 is die laastes uit die berg. 'n Lekker lang (tussen 9 en 12km) stappie met lekker hellings, ongelooflike uitsigte en rotsformasies wat jy nie op 'n foto Kan vasvang nie. Baie goeie weer gehad. Ietwat Koel begin, later warmer en op die koppe bo 'n lekker stewige koue windjie en enkele druppels reen met die afkom. L&C het nie saamgestap nie.



Die aand weer heerlik vleisie en vele ander intresane geregte op die kole gebrui in die groot netjiese boma wat gedeeltelik onder dak is. Heel gerieflik. Daar is ook baie stoele beskikbaar in die saal wat ons ook kon gebruik vir die wat nie hul eie stoele saamgebring het nie.

Intresante beligting ook, wat ons eers later verstaan. As jy die stoeplyg by die saal aansit, gaan die lapa se ligte af en omgekeerd. Vreemd. Vannaand kan die meeste van ons se lywe getuig dat ons wel bietjie oefening die dag gehad het. Sommige begin sommer nou ook al verskonings uitdink oor hoekom hul nie die volgende dag, die Paassondag kan saamstap nie. Meeste mense is vannaand ook ietwat vroer in die bed.

Sondag oggend na ontbyt, weer 8:00 bymekaargekom en motors volgemaak. Die groepie is ietwat kleiner vandag.



Die Mitchell spannetjie stap nie vandag saam nie en doen hul eie ding en ry o.a. perd. Ons parkeer weer by Glen Reenen en begin die roetes net oorkant die vulstasie. Op tot by die punt waar ons gister afgedraai het na die 'Mushroom Rock'. Drie persone draai hier om. Nou stap ons rigting '**Echo ravine**'. Vandag styg ons nie meer as 120m nie. Maklik teen 'n gister se 500m+. Op met die paadjie en weereens verkyk almal hulle aan die masiewe en vreemde rotsformasies hier teen ons. Ons is nou tussen hulle, gister het ons hul van daaar bo af gesien. Op in die Echo Ravine. 'n Vreemde kloof met min plantegroei, (met echos) en hemel hoë rots mure wat jou omsluit, seker niks meer as 10 meter op sy wydste nie. Die is 'n In en Uit roete, maar 'n paar avontuurlustige manne klim gou die laaste entjie uit met 'n tou en kry maksimum waarde vir hul geld. (R/km). Na 'n lui-lekker sit en kuier is ons oppad en stap om die



kontouer na die Boskloof.

Die paadjie maak hier 'n klein sirkellussie op die einde en volg deur ruie bosse die paadjie wat ons duidelik kan sien tans baie mooi gemaak word met nuwe erosie-waterafleiers, dwars-houtjies om trappies te vorm en paadjies wat mooi oopgeskoffel en gevorm is. Op die punt van **Boskloof** ook weer 'n baie mooi rots oorhang. Bietjie hier gesit, ons het mos heeldag tyd en is hier om die bos te geniet. Dan die lussie omgestap en terug op die 'kontouer' pad, volg ons nou die '**Brandwagpiek**' paadjie. Na 'n klein klimmetjie is ons skielik in hierdie masiewe oorhang. Dit kan nie anders as om mens te laat klein voel nie. Links uit, verby die uitkyk-rots en op met 'n steil klip-randjie, waar die stapper gehelp met 'n stewige ketting om

hom bo te kry en dan is jy bo-op die Brandwagpiek. 'n klein entjie geloop tot op die uitkykppunt en die 360 grade uitsigte bewonder. Dan vind ek gou 'n Geocach skat en wys 'n paar mense hoe die spel werk. ([www.geocaching.com](http://www.geocaching.com)). Af met 'n steil klein klofie en steil maar stewige trappies af. Tot by die kruispunt waar ons gister ook afgedraai het vanaf die Wodehouse roete. Weer oor die damwal en die bruggie en weer padlangs na die motors.

Albert Bosert is dan ook besig met 'n **nuwe roete** en ons is genooi om die roete, wat nog in aanbou is, te 'toets'. 'n Nou nog kleiner groepie, 3 motors, parkeer by die **Meriting** piekniek terrein en loop so 300 pad-op in die rigting van Glen Reenen. By die rooi-en wit plastiek merkers in die bosse begin die roete. Op eie risiko. Oor die stewige bruggie sonder reelings. Op met die valei. Dan raak die klofie al nouer en die bossie meer bos en die bome meer boom. Oor 'n sloot waar 'n bruggie binnekort gebou gaan word en oor 2 groot stompe oor 'n volgende stroompie. Tot by 'n netjiese poeltjie, Op oor 'n groot klip en oor nog 'n bruggie wat nog nie sy reelings het nie. Dan raak dit intresant. Die mooiste area met klippe en water en poele, maar die bruggies het nog nie dwarstrappies. Meeste van ons stop hier. Twee manne gaan aan tot op die punt waar die ander 3 ook Vrydagmiddag gaan draai het. Daar is 'n baie diep en helder mooi swempeel. Met ons uitloop sien ons die mooiste trop Elande wat vir ons kyk. Dit belooft om wanneer klaar, 'n baie mooi roete te wees. Sowat 1h30 of net oor die 3km in en uit vir die' stukkie pad.



Ons stop gou by die van Reenen grafte waar ek en my motor-genote nog 'n skat vind. Intresant is daar die twee persone wat deur weerlig gedood is op Mount Aux Sources. Dan terug kamp toe om bietjie te gaan ontspan.

'n Paar van ons kan egter na 'n uur of wat nie stilsit nie en so 6 van ons van die pad van ons kamp af, teen die rigting van die Ribbok oornagstap wat in die klofie agter die kamp afkom. Dan breek ons bietjie van die pad af weg en gaan na die uitkykpunt wat op die kamp uitkyk. Mooi, o so so mooi die uitsigte. Nou terug na die kamp met dieselfde paadjie. Sowat 3.2km 1h15 stappie gewees. Maar nou was dit genoeg stap vir die dag. Nou rus ons en kuier in die kamp en in die Boma.

Die aand weer heerlik om die braaivleis en later 'n vuurtjie gekuier. Kleingroepies, grootgroepies en somer so in die bondel. So tussen al die stap deur het elkeen ook volle vryheid gehad om sy eie ding te doen. Daar was voël kykers wat 'n paar keer die aasvoëlrestaurant op die Oribi lus padjie (4.2km) gaan ry het, sommige ander het die lus asook die Blesbok lus (6.7km) ook so oor die naweek gaan ry met sy uitsigte oor die Langtoondam. Ander het van die eetplekkies op die pad na Clarence gaan ondersoek, ander het gaan hardloop, ander het die Hotel besoek en ander het, wel, net die rustigheid geniet

**Finansies:**

Inkomste	
Inbetalings (33 persone. 23 Lede, 10 Nie-Lede)	: <u>R20085.00</u>
Uitgawes	: <u>R19324.00</u>
Verblyf Koste : R132 per persoon per nag*33*3	: R13068.00
Kombuishuur (3 nagte x R555)	: R 1665.00
Bewaringsfooie (25persone X R120{R40 per nag})	: R 3000.00
8xR120 bewaringsfooie teruggegee in kontant	: R 960.00
Brikette en aanstekers (R160+R140+187.70)	: R 487.70
Hout (Wilna)	: R 60.00
Fototstate (210 bladsye)	: R 84.00
Projek surplus	: <u>R 761.00</u>



Groete, tot n' volgende stap.

**Marius Stander**

[www.Nomades.co.za](http://www.Nomades.co.za)

(vir Jaarprogram, ander stapverslae, fotokompetisie weners, kontak en bankbesonderhede en vele meer)

[MariusStanderPTA@gmail.com](mailto:MariusStanderPTA@gmail.com)

